kategese '09

graad 7 – 10

Sondag 24 | 18 Oktober

RUT

Debrief

Luister!

Gesprek!

PUNCHLINE – LEER DIE KINDERS DIE VERHAAL VAN RUT

- Beplan jou eie.

- Lees dele uit RUT 1-4 soos wat die tyd toelaat

RUT 1
Die eerste hoofstuk skets die agtergrond van die hele verhaal. Dit is net krisisse! Eers die hongersnood, toe die dood van Naomi se man en later ook die seuns. Dit is baie slegte nuus in die tyd waarin hierdie verhaal afspeel, want 'n vrou wie se man en seuns gesterf het, het geen erfreg meer gehad nie. Naomi en haar skoondogters is dus nou uitgelewer aan mense wat haar sou kon misbruik. Daarom probeer Naomi in hierdie slegte situasie, die beste keuses maak ter wille van haar skoondogters !

Paar vrae:

- Hoekom wil Naomi hê dat haar skoondogters moet teruggaan na hul ouerhuise toe?
- Hoekom wil Naomi na Juda teruggaan?
- Wat gebeur in die verhaal? Orpa en Rut tree anders op. Wat sê dit vir jou van Rut?
- Vers 16 en 17 is baie bekende verse. Het jy dit dalk al iewers gehoor?
- Wat sou jy in so 'n situasie doen?
- Die hoofstuk eindig waar hulle aankom in Betlehem. Watter tyd is oppad?

RUT 2

Die losser het verskillende funksies gehad. Soms moes hy 'n familielid se dood wreek, ander kere moes hy 'n familielid as slaaf loskoop. 'n Losser moes ook die grond van die gestorwene in die familie hou. Dit doen hy deur met die weduwee van 'n familielid te trou ten einde kinders by haar te verwek. Sodoende kan die gestorwe familielid van 'n nageslag verseker word en is daar dan ook 'n erfgenaam vir die grond. Aan die begin van die verhaal is dit juis die krisis - so die verwysing na 'n losser skep verwagting!

Paar vrae:

- Wat let jy oor die karakter van Rut op?
- Wat let jy oor die karakter van Boas op?
- Dink jy hier is liefde aan die ontwikkel in hierdie verhaal?
- Hoekom laat Boas vir Rut koring optel op sy land?
- Waar is die Here tot dusver in hierdie verhaal?

graad 7 – 10 kategese '09

JOSHUA

Gesprek!

RUT 3

Naomi was 'n baie slim skoonma! Sy help die ontwikkeling van die verhouding aan, deur vir Rut aan te moedig om dorsvloer toe te gaan. Die dorsvloer was die plek in daardie tyd wat bekend was vir waar die mans en dames mekaar ontmoet het...!Rut is nie onaktief in die verhaal nie, sy dwing ook vir Boas om keuses oor haar te maak. Boas het geweet wat dit sou behels as hy besluit om die losser te wees. Maar daar kom 'n wending in die verhaal - daar is nog 'n losser!

Paar vrae:

- Wat kan jy van die 1ste en 2de hoofstuk onthou? As jy daaraan dink, hoekom is die gebeure in hierdie hoofstuk so belangrik?
- Sien jy 'n liefde tussen Boas en Rut ontwikkel ? Hoe lyk hierdie liefde?
- Nêrens lees 'n mens van die Here nie. Wat leer ons hieruit en wat kan ons aflei oor ons eie aandeel in ons lewensontwikkeling?
-Wat kan jy verwag noudat die losser op die toneel is?

RUT 4

Die stadspoort was die bekende plek waar regsaksies en ruiltranaksies plaasgevind het. Hier kry 'n mens 'n beskrywing van hoe die onderhandelinge vir die lossingsreg, plaasgevind het. Boas is baie slim in hierdie onderhandelinge as jy mooi oplet. Hy praat eers oor die grond. Die losser aanvaar. Toe vertel hy van Rut en dat die losser met haar sal moet trou. Die losser gee die reg oor. Boas kry op die ou einde wat hy voor gekom het. Hy was baie slim. Die verhaal eindig met die geboorte van Obed - die voorvader van Dawid.

Paar vrae:

- Wat let jy op oor die prosedure in die stadspoort wat vir jou interessant is?
- Dink jy Boas wou regtig vir Rut as vrou hê?
- Obed is om meer as een rede baie belangrik in hierdie verhaal . Wat is hierdie redes?
- Uit wie se geslagslyn word Jesus gebore?

As jy nou na die hele verhaal kyk wat leer jy oor die Here in hierdie verhaal?

Wrap-up!

- Bid saam en vir die kerk.
- Bid vir mekaar se raaksien van wat die Here doen in hul lewens.
- **Mail my met enige idees of terugvoer oor die les: zvdwesthuizen@gmail.com**